Kontak-kring
Kleingroepriglyne

Gebed?
Jakobus 5: 13 – 20

DAAR & DAN
kontak met God se Storie

1. Kontak met mekaar
Aankoms, verwelkoming en verversings.

Ysbreker
Vertel vir mekaar van kere toe julle gebedsverhoring beleef het.

2. Kontak met God
Oorweeg dit om 'n kers aan te steek om God se teenwoordigheid te simboliseer. Plaas dit in die middel van die groep.

Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Lees Psalm 124 as 'n gebed.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Dank God daarvoor.

3. Kontak met die Woord
Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees dan Jakobus 5: 13 – 20 en gesels oor die volgende.

HIER & NOU
kontak met myself & Godstories

Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

Wat is gebed? Hoekom bid jy?

Hoe onderskei julle tussen "behoeftes" en "begeertes"? Watter rol speel dit in ons gebedslewe?

Hoe dink julle oor die konneksie tussen sondebelydenis en genesing? Vergelyk Johannes 9: 1-2.

Hoe dink julle oor die konneksie tussen geloof en gebedsverhoring?

Gesels oor die stelling: "*Gebed verander nie die hart van God nie, maar wel die hart en verstand van die mens*".

Jakobus skryf oor gebed in die geloofsgemeenskap en nie soseer oor individuele gebed nie. Hoe sien julle dit raak? Wat kan ons hieruit leer?

VERDER & VOOR
kontak met mekaar & ander

Hoe kan julle in die komende week hierdie gebedsopdrag gaan uitleef?

Vir die Begeleier

Maak 'n paar fotostate van die teksgedeelte en neem dit saam.
Dis ook altyd insiggewend om verskillende vertalings van die teks te lees.

Bedien Mekaar
kontak deur gebed

Deel gebedsversoeke en skryf dit in julle gebedsdagboeke en bid in die week daarvoor. Onthou om ook gebedsverhoring en Godservarings neer te skryf.

Dra die gebedsversoeke aan God op.

Sluit af met gebede.